



PRIVATSAK X05
PRETORIA-NOORD
0116
E-pos: administrasie@pnhs.co.za

H/V BERGLAAN EN EEUFEESSTRAAT
PRETORIA-NOORD
TEL: (012) 546-6590
FAKS: (012) 546-9463

19 Oktober 2020

OB: 38 / 2020

Geagte ouers

Geagte ouers ons staan in die laaste week van die langste kwartaal ooit in die skool se geskiedenis. Hiermee groot dank aan elke ouer vir julle ondersteuning, aan elke leerder en onderwyser wat getrou deurgedruk het om onder moeilike omstandighede te verseker dat 'n akademiese jaar nie verlore gaan nie.

1. Lief en Leed

- Dit is met groot leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van een van ons ouers, Mr. Bernard Chomse, oor die naweek. Ons dra sy gesin op in ons gebede.
- Ons het Vrydag afskeid geneem van Mr. Theyse wat bevorder is na H/S Oos Moot en wens hom alle voorspoed toe in sy nuwe pos.

2. Algemene Ouervergadering

Geagte ouers neem asseblief kennis dat ons algemene jaarvergadering vir ouers, waar die begroting vir 2021 voorgelê, bespreek en goedgekeur sal word, geskeduleer is vir Dinsdag, 20 Oktober 2020 om 18H00. Met die verlaging van COVID regulasies navlak 1 sal dit nie meer nodig wees om hierdie vergadering virtueel te hou nie en sal dit soos normaal in die skoolsaal plaasvind. Ons nooi al ons ouers uit om deel te wees van hierdie baie belangrike vergadering en u insette te lewer.

Volgens die nuutste sirkulêre van die hoof van die Gauteng Onderwys Departement, wat hierdie week verskyn het, word 'n kworum van 15% nie meer vereis nie. Die vergadering van Dinsdag, 20 Oktober 2020 sal daarom voortgaan met of sonder 'n kworum.

Ons is egter van mening dat hierdie sirkulêr eers bekragtig moet word deur gepromulgeerde regulasies van die LUR en indien dit nie voor Maandag, 9 November 2020 gebeur nie sal ons wel 'n opvolg vergadering hou op Maandag, 9 November 2020 om 18H00 in die skoolsaal. Indien die promulgering wel voor genoemde datum plaasvind sal die vergadering van 9 November 2020 verval.

Die voorlopige begroting sal beskikbaar wees by ons finansiële kantoor per afspraak vanaf Maandag, 6 Oktober 2020 vir insae. Ons voorgestelde begroting sal 'n 8,7% verhoging van R 150-00 per maand oor 11 maande impliseer, dit is R 1800 per maand oor 11 maande of R 19 800-00 per jaar.

Agenda

Vir die Agemene Jaarvergadering wat gaan plaasvind op Dinsdag, 20 Oktober 2020 om 18H00 in die skoolsaal van H/S Pretoria-Noord.

1. Opening en Verwelkoming	-	Mnr. H Bester
2. Presensie	-	Mnr. H Bester
3. Jaarverslag 2020	-	Mnr. CJC Driescher
4. Toelatingsbeleid	-	Mnr. S Samons
5. Begroting en Goedkeuring	-	Dr. L Scholtz
6. Afsluiting	-	Mnr. H Bronkhorst

Ouers wat bywoon, maak gebruik van die Berglaanhek, personeel sal beskikbaar wees om u in te teken. Parkering sal by die Maroelaboom en netbalbane beskikbaar wees.

3. PNHS Gholfdag: 13 November 2020

Baie dankie vir juffrou Smith wat vir ons skool se gholfspelers hierdie jaar die haas uit die hoed gepluk het en wel vir ons kon voortgaan met die reël van 'n gholfdag. Al is dit bietjie later in die jaar glo ons, ons gholfspelers sal baie hierna uitsien en beloof dit om weer iets besonder te wees. Dit sal plaasvind by Four Seasons baan op Brits op "gelukkige" Vrydag, 13 November 2020. Vierbal-besprekings en putjieborge kan by Mev. Smith by annekesmith8@gmail.com of by 071 609 4299 gedoen word. Bespreek maar eerder vroeer as later, ons verwag 'n redelike toeloop van "Uitgehongerde" gholfspelers.

4. Graad 12: Program

- Die laaste week van skool, vanaf Maandag, 19 Oktober 2020 begin ons eindeksamen amptelik vir graad 12 en graad 12's wat nie betrokke is by vraestelle nie sal bloktyd hê:
 - 19 Oktober: LO
 - 19 – 23 Oktober Kuns Prakties
 - 21 Oktober: RTT
 - 22 Oktober: IT
- Op 23 Oktober sal ons graad 12 leerders hulle 40 dae afsluiting hou, rapporte ontvang asook hulle afskeid uitnodigings.
- Op 3 November 2020 sal ons graad 12 leerders hulle afsluitings kerkdiens hou in die vorm van 'n inry-kerkdiens op die sportvelde.
- Meer gedetailleerde inligting oor hierdie aktiwiteite sal per omsendbrief aan u gegee word.

5. PNHS sport

- Ons sportoefenprogram sal weer in aanvang neem op Maandag, 19 Oktober 2020. Dit sal die vorm aanneem van kondisionering in vaardighede, krag en beweeglikheid. Oefeninge sal plaasvind binne rotasiegroepe en slegs leerders wat binne die skool is sal daardie betrokke dae kan sport beoefen. Atletiekoeufeninge sal vanaf 15H15 tot 16H15 plaasvind en wintersporte vanaf 16H15 tot 17H15. Sien asseblief aangehegte sportprotokol soos opgestel deur ons sportkoordineerder, Mn. K van Rensburg.
- **Neem ook kennis dat ons hoofafrigter by tennis, Mn. Sakkie van Niekerk, op Maandae vanaf 15H00 weer begin met sy afrigtingsessies op PNHS se tennisbane. Ons tennisspelers is almal welkom om aan te sluit vir hierdie gratis afrigtingsessies.**

6. Skool sluiting: 23 Oktober 2020

- Geagte ouers neem kennis dat die skool om 12H00 sal sluit op Vrydag, 23 Oktober 2020.
- Heropening vir die laaste kwartaal sal wees op Maandag, 2 November 2020 en ons sal begin met dag 5 groep A.

7. Finale Assesering 2020

- Geagte ouers maak asseblief seker dat u die dokumentasie en rooster rakende ons jaareindeksamens ontvang het, wat verlede week uitgegaan het.
- Afbakening van werk in al die vakke sal ook vanaf vandag elektronies op D6 en die skool se webwerf beskikbaar wees.
- Ons jaareindeksamens sal reeds op 4 November in aanvang neem.

8. Program vir die week

Maandag, 19 Okt.: *	Graad 12 eindeksamen – LO Graad 8 – 11, dag 2 groep B.
Dinsdag, 20 Okt.: *	Graad 12 eindeksamen – Visuele Kuns Prakties Graad 8 – 11, dag 3 groep A. Algemene Ouervergadering, 18H00, saal.
Woensdag, 21 Okt.: *	Graad 12 eindeksamen – Visuele Kuns Prakties Graad 12 eindeksamen – RTT Prakties Graad 8 – 11, dag 3 groep B.
Donderdag, 22 Okt.:*	Graad 12 eindeksamen – Visuele Kuns Prakties Graad 12 eindeksamen – IT Prakties. Graad 8 – 11, dag 4 groep A. Merietefunksie 2020


Vrydag, 23 Okt.: * **Graad 12 eindeksamen – Visuele Kuns Prakties.**
Graad 12 Fourty Days
Graad 12 Afskeid uitnodigings
Graad 8 – 11, dag 4 groep B.
Skool sluit om 12H00 vir Oktober reses.

Maandag, 2 Nov: * **Skool heropen**
* **Graad 12 eindeksamen**
* Graad 8 – 11, dag 5 groep A

Vriendelike groete



Mnr. CJC Driescher
Hoof



The poster features a green and blue color scheme. At the top left is a crest with a shield containing a torch and a sword, flanked by two fern fronds. To the right of the crest, the text "DIE JAARLIKSE PENNS" is written in a stylized font, followed by "GOLF DAG" in large, bold, black letters. The background shows a golf course with trees and a blue sky.

Vierbal: R2500
Sluit in:
Speelfooie,
2 x karretjies,
Verwelkomingspakkie,
Halfweghuisbewyse,
Prysuitdeling

Putjieborg 1: R1500
Uitsluitend 'n
verbal

Putjieborg 2: R3500
Vierbal ingesluit

Vrydag 13 November 2020

Registrasie: 09:30
Shotgun start: 11:00

Besprekings en borgskappe
Anneke - 071 609 4299
annekesmith8@gmail.com

Seasons
LIFESTYLE ESTATE